# Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 05/05 2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Nasionale toneelspelkompetisie:**
   Baie geluk aan Venay Matjala in gr. 12 wat gekies is as een van die top 55 in die land. Sy neem van 22-24 Mei by *The Playhouse Theatre* in Somerset-Wes deel. Ons glo sy gaan ons skool se naam hoog hou.

2. **Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023:**
   Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

3. **Toelatings – 2024:**
   Aansoekvorms vir nuwe toelatings vir 2024 is by die kantoor beskikbaar.

   | | | |
   |---|---|---|
   | Sluitingsdatum: | Gr. 1 | 2 Junie 2023 |
   | | Gr. 2 – 10 | 31 Julie 2023 |

   Skakel gerus mev. Daleen Strydom indien u enige navrae het.

4. **Besoek: Dept. van Binnelandse Sake – 11 Mei 2023:**
   Dept. van Binnelandse Sake is op Donderdag, 11 Mei, vanaf 10:00 tot 16:00 by die skool om gr. 10- en 11-leerders die geleentheid te gee om vir 'n ID aansoek te doen. **Leerders moet 16 jaar oud wees en 'n ouer/voog moet die leerder vergesel.**

   Bring asseblief die volgende dokumente saam:
   - Afskrif van leerder se geboortesertifikaat.
   - Afskrif van pa en ma se ID.
   - Indien 'n ouer oorlede is, moet u ook 'n afskrif van die doodsertifikaat saambring.
   - Indien voogde, word ID's, asook hofbevel, benodig.

5. **Sport:**
   - Uitslae: HS Paul Sauersportdag:

     Netbal:

     | | |
     |---|---|
     | 0/14: | 3 gewen |
     | 0/15: | 3 gewen, 1 verloor |
     | 0/16: | 4 gewen |
     | 2de span: | 2 gewen, 1 verloor |
     | 1ste span: | 2 gewen, 2 verloor |

     Rugby:

     | | |
     |---|---|
     | 0/16: | 1 verloor |
     | 1ste span: | 1 verloor |

herotel

- Uitslae : Skaak:
  Laerskool teen VCS: verloor met 6½ punte

- Paul Sauersportdag: Laerskool:
  Die laerskool speel Saterdag, 5 Mei, by Paul Sauer se sportdag. Spelers moet asb. korrek geklee wees.

  Bustye:

| | Grootbus: | Quantum |
|---|---|---|
| Misgund | 06:00 | |
| Louterwater | 06:15 | |
| Krakeel | 06:30 | |
| Skool | 06:40 | 07:00 |
| Ravinia | 06:45 | |

6. **Landsdiens:**
   Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is om die provinsiale kamp tydens die Junie vakansie by te woon:
   Le Roux Muller
   Ockert Koorzen
   Jumaré Murray
   Melandrie van der Mescht

   Die landsdiens verkoop Donderdag en Vrydag moedersdaggeskenkies.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453
Hoërskool McLachlan

herotel
McLachlan Internet Fasiliteit